Fokus teks: Spreuke 31: 10-31 & Psalm 131: 2.
Liedere: Gesang 247 x 2; Psalm 33: 1 (TT Cloete), 4 (TT Voete) en 1 (Totius); Gesang 314; Gesang 268 x 4.

---

## AANKONDIGINGS:

- Hartlik Geluk aan almal wat hierdie week verjaar! Dinsdag 12 Mei is dit die beurt van Remondo Byvelds. Op Woensdag 13 Mei word tannie Susan Brits 88 jaar oud. Donderdag 14 Mei Cecile Smit en Gerda Engelbrecht. Saterdag 16 Mei Marietjie Grobler en John Bacon. Ons dank die Here vir al hierdie genade en wens julle net die mooiste en gesondste dae vorentoe.
- Goeiemôre aan die Baby Boomers (gebore: 1946-1964) van Zuurfontein Gemeente. Ons sien met groot opgewondenheid uit daarna om jou te verwelkom by ons Koffie & Gesels op Sondag 17 Mei 2026 om 16:00 by die Kerkgebou.

  Daar is reeds 'n heerlike kuierlysie aan die groei, en ons hoop jy sal ook deel wees van hierdie besondere ontmoeting. Ons begin stiptelik om 16:00 met koffie en iets lekkers vir die kies. Daarna gesels ons saam oor "Kerkwees vir vandag" – hoe ons as gemeente relevant, warm en betekenisvol kan leef en dien in ons tyd.

---

As lid van die Baby Boomers-generasie dra jy 'n skat van ervaring, wysheid en geloofsverhale. Daarom wil ons graag na jou gedagtes luister en saam droom oor die pad vorentoe vir Zuurfontein Gemeente. Jou stem en bydrae is vir ons baie kosbaar.

Kom geniet 'n ontspanne middag van koffie, gesprek en geloofsgemeenskap. Bring jou glimlag, jou herinneringe en jou idees saam.

Ons sien baie daarna uit om saam met jou te kuier!

Bevestig asseblief jou bywoning of maak verskoning.

- Jy word hartlik uitgenooi na ons Koffie gesprek vir lidmate wat 'n geliefde aan die dood afgestaan het. Hierdie is 'n veilige en rustige geleentheid waar ons saam kan kuier, luister, bemoedig en mekaar dra.

  📍 Woensdag 20 Mei 2026

  ⏰ 10:15

  By die pastorie

  Ons tema vir die oggend is: "Mense sê jy moet net sterk wees."

Fokus teks: Spreuke 31: 10-31 & Psalm 131: 2.
Liedere: Gesang 247 x 2; Psalm 33: 1 (TT Cloete), 4 (TT Voete) en 1 (Totius); Gesang 314; Gesang 268 x 4.

---

Baie mense hoor hierdie woorde, maar weet hoe swaar dit soms voel. Daarom wil ons saam gesels oor verlies, seer, hoop en die pad vorentoe.

Daar sal koffie, ’n warm ontvangs en ruimte vir eerlike gesprek wees. Jy hoef niks te sê as jy nie wil nie – jou teenwoordigheid alleen is genoeg.

☕ Belangrik: Daar is slegs plek vir agt persone, daarom vra ons dat jy asseblief so gou moontlik jou naam opgee om jou plek te verseker.

📞 Bespreek jou plek by dr Hannes Janse van Rensburg.

- Kom geniet ’n heerlike oggend van warmte, kuier en goeie geselskap by ons Sop, Sjerrie, Wyn en Brood op 31 Mei 2026 om 11:00 by Zuurfontein Gemeente. Bederf jouself met smaaklike sop, vars brood en ietsie besonders om saam te geniet. Dit is die perfekte geleentheid om familie en vriende saam te bring vir ’n gesellige tyd. Kaartjies is beskikbaar by die Kerkkantoor teen R100 per volwassene en R50 vir laerskoolkinders. Moenie uitmis nie – kom deel in die kuier en gemeenskap!

Fokus teks: Spreuke 31: 10-31 & Psalm 131: 2.
Liedere: Gesang 247 x 2; Psalm 33: 1 (TT Cloete), 4 (TT Voete) en 1 (Totius); Gesang 314; Gesang 268 x 4.

---

- "Die Bybel Genees Projek" beklemtoon die idee van gee en sending. Die fokus val op die opdrag uit Markus 16:15 om die Woord wêreldwyd te versprei, en nooi lidmate om deur klein bydraes deel te wees van iets groter. Dit beklemtoon dat die gemeente reeds R2191,01 vir 2026 bygedra het en moedig verdere betrokkenheid en ondersteuning aan.

## LIEF & LEED:

- Hannie White het op Dinsdag 5 Mei operasies ondergaan in die Arwyp hospitaal. Sy is reeds ontslaan en sterk nou by die huis aan. Ons wens haar sterkte toe en spoedige beterskap.
-

## KLOK:

Gemeente van die Here, die klok het ons geroep om vandag uit die geraas van die wêreld na die teenwoordigheid van God te kom. Vandag vier ons die sesde Sondag van die opstanding, en soos die lig van Christus al helderder skyn, steek ons ses kerse aan as

teken van hoop, lewe en oorwinning. Op hierdie besondere dag is dit ook Moedersdag, 'n geleentheid om met dankbaarheid stil te word oor die gawe van moeders en moederfigure in ons lewens. Ons tema, Mooi, Mooier, MOEDER, herinner ons daaraan dat die liefde, sorg en geloof van 'n moeder iets van God se hart weerspieël. Mag hierdie erediens vir elkeen 'n ontmoeting wees met die Lewende Here, en 'n viering van die skoonheid van lewe en liefde wat Hy deur moeders gee.

## TOETREDE:

Ons begin, met die sing van Gesang 247 x 2. Dan staan ons vir die votum en seëngroet van die Here. Oos sing ook die loflied, terwyl ons staan, Psalm 33: 1, 4 en weer vers 1.

Fokus teks: Spreuke 31: 10-31 & Psalm 131: 2.
Liedere: Gesang 247 x 2; Psalm 33: 1 (TT Cloete), 4 (TT Voete) en 1 (Totius); Gesang 314; Gesang 268 x 4.

---

## Gesang 247 x 2 ~ Heer, wees ons genadig

## VOTUM:

Ons hulp is in die Naam van die Here, wat hemel en aarde gemaak het. Al sou die vyeboom nie bot nie en daar geen druiwe aan die wingerd wees nie; al sou die oes misluk en die lande niks oplewer nie, al sou kleinvee en beeste verdwyn ~ nogtans sal ons jubel in die Here, ons sal juig in God, ons Verlosser. Die Here, ons God, is ons krag; Hy maak ons voete soos dié van 'n ribbok, Hy laat ons veilig loop op die hoogtes.

## SEËN:

Die Here, Jesus Christus, sal Hom oor ons ontferm en ons sy vrede gee. Amen.

## LOFSANG: Psalm 33: 1 en 4 (TT Cloete), 1 (Totius).

Fokus teks: Spreuke 31: 10-31 & Psalm 131: 2.
Liedere: Gesang 247 x 2; Psalm 33: 1 (TT Cloete), 4 (TT Voete) en 1 (Totius); Gesang 314; Gesang 268 x 4.

---

## WET & BELYDENIS:

Die eie ek is ‘n groot siekte van ons eie tyd. Dit maak dat ŉ mens nie meer omgee vir ŉ ander nie. Alles moet tot my eie voordeel en belang wees. God vra egter van ons om ander se belange op ons hart te dra. Dit is die wil van God. Kom ons luister nou na ‘n uittreksel van Paulus se brief aan die Filippense, heel aan die einde van hierdie uittreksel hoor ons ook ‘n geloofsbelydenis: Jesus Christus is Here!

## Filippense 2: 1-11:

1Aangesien julle die troos in Christus ondervind het, die
aansporing deur die liefde, die gemeenskap deur die
Gees, die innige meegevoel en meelewing – 2maak dan
nou my blydskap volkome deur eensgesind te wees: een
in liefde, een van hart, een in strewe. 3Moet niks uit
selfsug of eersug doen nie, maar in nederigheid moet die
een die ander hoër ag as homself. 4Julle moenie net
elkeen aan sy eie belange dink nie, maar ook aan dié van
ander.

---

5 Dieselfde gesindheid moet in julle wees wat daar ook in
Christus Jesus was: 6 Hy wat in die gestalte van God was,
het sy bestaan op Godgelyke wyse nie beskou as iets
waaraan Hy Hom moes vasklem nie, 7 maar Hy het
Homself verneder deur die gestalte van 'n slaaf aan te
neem en aan mense gelyk te word. En toe Hy as mens
verskyn het, 8 het Hy Homself verder verneder. Hy was
gehoorsaam tot in die dood, ja, die dood aan die kruis.
9 Daarom het God Hom ook tot die hoogste eer verhef en
Hom die Naam gegee wat bo elke naam is, 10 sodat in die
Naam van Jesus elkeen wat in die hemel en op die aarde
en onder die aarde is, die knie sou buig, 11 en elke tong
sou erken: “Jesus Christus is Here!” tot eer van God die
Vader.

Ons het nou na die wil van God geluister en ons geloof bely. Laat ons dit bevestig met die sing van Amen (Gesang 314). Amen beteken: “Dit is waar en seker” of “So is dit, so sal dit wees.” In die erediens is “Amen” ons gelowige antwoord op God se Woord en ons gebede — ’n bevestiging dat ons vertrou op God se waarheid en sy

beloftes. Dit is nie net die einde van 'n gebed nie, maar 'n daad van geloof: ons sê daarmee dat ons saamstem, glo en ons lewe daarop wil bou.

## LITURG:

Moedersdag is nie bloot 'n sentimentele oomblik op die kalender nie; dit is 'n diep geestelike geleentheid waarin ons as gemeente weer leer om raak te sien wat werklik mooi is. Ons tema, Mooi, Mooier, MOEDER, help ons om dieper te kyk as oppervlakkige skoonheid. Die wêreld meet "mooi" dikwels aan voorkoms, prestasie en sukses, maar die evangelie wys vir ons 'n ander maatstaf: die stille, volhardende liefde wat opbou, dra en vorm. In 'n moeder, en in elkeen wat moederlik liefhet, sien ons iets van hierdie dieper skoonheid raak: 'n skoonheid wat nie vergaan nie, omdat dit gewortel is in God se eie hart.

Die winspunte van 'n Moedersdag:

---

Eerstens bring dit erkenning. Ons noem en eer die ongesiene werk, die laatnag-gebede, die opofferinge wat selde raakgesien word.

Tweedens bring dit genesing. Nie almal se ervaring van ’n moeder is maklik of heel nie; daarom word Moedersdag ook ’n plek waar God se genade oor gebrokenheid uitgespreek word.

Derdens bring dit roeping. Ons word herinner dat “moederwees” nie net biologies is nie, maar ’n geestelike houding van sorg, vorming en liefde ... ’n roeping wat in die hele gemeente leef.

Vierdens bring dit perspektief: dit help ons om weer te onderskei tussen wat net mooi lyk en wat werklik mooi is in God se oë.

Dit is nodig om op Moedersdag hieroor na te dink, want ons leef in ’n tyd waar waardes maklik vervlak. Die gemeente het die taak om weer dieper te kyk, om te leer dat die mooiste dinge dikwels stil en onopsigtelik is. Wanneer ons oor moeders praat, praat ons eintlik oor

Fokus teks: Spreuke 31: 10-31 & Psalm 131: 2.
Liedere: Gesang 247 x 2; Psalm 33: 1 (TT Cloete), 4 (TT Voete) en 1 (Totius); Gesang 314; Gesang 268 x 4.

---

God se manier van werk—sag, getrou, vormend oor tyd. Daarom vier ons vandag nie net mense nie, maar ook die Here wat deur hulle werk.

Mag hierdie boodskap ons oë oopmaak om die beweging van mooi na mooier raak te sien—totdat ons uiteindelik in die moederhart iets ontdek van God se eie, volmaakte liefde.

## SKRIFLESING: Spreuke 31: 10-31 & Psalm 131: 2

Spreuke 31: 10'n Knap vrou is baie werd, baie meer as edelstene.

11Haar man steun op haar en pluk die vrugte van haar werk.

12Sy bring vir hom net voordeel, nie nadeel nie, haar hele lewe lank.

13Sy maak wol en vlas bymekaar en geniet dit om dit te verwerk.

Fokus teks: Spreuke 31: 10-31 & Psalm 131: 2.
Liedere: Gesang 247 x 2; Psalm 33: 1 (TT Cloete), 4 (TT Voete) en 1 (Totius); Gesang 314; Gesang 268 x 4.

---

14Sy is soos die handelskepe, sy bring die kos van ver af in.

15Sy staan op as dit nog nag is en maak kos vir haar huisgesin; ook haar slavinne kry hulle deel.

16Sy oorweeg die waarde van 'n stuk grond en koop dit, sy sit dit onder wingerd met geld wat sy self verdien het.

17Sy pak die werk aan met krag, haar hande staan vir niks verkeerd nie.

18Sy stel vas of die wins goed is, haar lamp bly heelnag brand.

19Sy werk met die spinwiel, haar hande bly besig met die weefstoel.

20Sy het 'n oop hand vir die armes, sy is vrygewig teenoor die behoeftiges.

21Sy is gerus oor haar huisgesin as dit sneeu: hulle dra almal warm klere.

22Sy maak self vir haar dekens en sy dra klere van linne en wol.

---

23 Haar man is welbekend by die stadspoort waar hy saam met die leiers beraadslaag.

24 Sy maak klere en verkoop dit, sy lewer gordels aan die handelaars.

25 Alles aan haar spreek van 'n sterk en edel persoonlikheid; sy ken geen kommer oor die toekoms nie.

26 As sy praat, is dit met wysheid; as sy leiding gee, is dit met liefde.

27 Sy hou goeie toesig oor haar huishouding; lui is sy nie.

28 Haar kinders prys haar, haar man bewonder haar:
29 “Daar is baie knap vrouens, maar jy oortref hulle almal!”

30 Uiterlike skoonheid hou nie, 'n mooi voorkoms is nie
alles nie; as sy die Here dien, dán verdien 'n vrou om
geprys te word. 31 Gee haar wat haar toekom vir alles wat
sy doen; laat haar werk haar roem wees in die
stadspoorte.

Fokus teks: Spreuke 31: 10-31 & Psalm 131: 2.
Liedere: Gesang 247 x 2; Psalm 33: 1 (TT Cloete), 4 (TT Voete) en 1 (Totius); Gesang 314; Gesang 268 x 4.

---

Psalm 131: 2Ek het rus en kalmte gevind. Soos 'n kindjie wat by sy moeder tevredenheid gevind het, so het ek tevredenheid gevind.

## PREEK:

Geliefdes,

Daar is ’n harde, maar heilige oomblik in die evangelies waarby ons vandag wil stilstaan. Laat jou gedagtes teruggaan na daar waar Jesus aan die kruis hang. Alles voel rou, donker en seer. Uit die hoek van jou oog merk jy dit op. Daar, naby Hom, staan Jesus moeder, Maria, na hierdie selfde gebeure en kyk. Dink jou in haar moederhart in. Sy wat Hom gedra het nog voordat die wêreld Hom geken het. Sy wat Hom vasgehou het, beskerm het, grootgemaak het staan nou en kyk hoe Hy ly (wreed sterf).

Die eerste ding wat ons van hierdie moeder leer is dat sy daar is in die donkerste oomblik van haar kind. Nie met groot woorde nie. Nie met ‘n oplossings nie. Maar met haar teenwoordigheid. Daardie moederliefde wat nie

weghardloop nie. En selfs in daardie oomblik, bly die band tussen moeder en kind iets heiligs, iets diep, iets wat van God self kom.

Wat leer ons nog by Maria? Dat moederskap nie begin by volmaaktheid nie, maar by oorgawe. Sy het nie alles verstaan nie, maar sy het gesê: “Laat dit met my gaan volgens U woord.” En daarin lê die geheim van ’n moederhart, ’n hart wat altyd eers beskikbaar is vir God.

Daarom is ons tema vandag: Mooi, Mooier, MOEDER.
Mooi, want daar is iets natuurlik mooi in sorg, in liefde, in omgee.
Mooier, wanneer daardie sorg deur geloof verdiep word.
MOEDER, wanneer dit ’n roeping word wat van God af kom en na die kinders toe vloei.

Wanneer ons vandag oor moeders praat, praat ons nie net oor biologiese moeders nie. Ons praat oor elke mens wat ’n moederhart uitleef. Die ouma wat bid. Die onderwyser wat vorm. Die vriendin wat luister. Die vrou

wat raak sien. Moederskap is groter as biologie, dit is ’n manier van liefhê.

Wanneer ons luister na Spreuke 31, hoor ons nie ’n onbereikbaar ideaal nie, maar ’n beskrywing van ’n lewe wat deur God gevorm is. “’n Knap vrou is baie werd, baie meer as edelstene…” Kan ’n mens ooit die waarde van ’n moeder meet?

As ons eerlik is, leef ons in ’n wêreld wat baie dinge kan meet ... geld, sukses, prestasie, mag ... maar dit is amper onmoontlik om ‘n moeder se liefde te meet. Hoe meet jy ‘n moeder figuur se opoffering of al die stille ure van sorg nie.

Soms dink ons ons is arm, omdat ons min geld of besittings het, terwyl ons eintlik ryk is omdat ons iemand het wat vir ons omgee. ’n Mens is nie arm omdat jy min geld het nie ... ’n mens is arm wanneer jy niemand het wat vir jou omgee nie. Of wanneer jy niemand het wat jou

nodig het nie. Hoeveel van ons rykdom lê nie opgesluit in die moeders en moederfigure in ons lewens nie? Die grootste rykdom in baie huise is die sagte, volgehoue teenwoordigheid van iemand wat ‘n kind (maak nie saak hoe oud daardie kind nou al is nie) liefhet.

Spreuke 31 beskryf hierdie soort moeder nie as luidrugtig nie, maar as getrou. Hierdie persoon staan vroeg op. Hierdie persoon sorg. Hierdie persoon werk hande tot hulle stompies is. Hierdie persoon gee. Hierdie persoon praat met wysheid. Hierdie persoon lei met liefde.

Dit is nie groot, dramatiese dade nie. Dit is die daaglikse, die gewone, die getroue. En dit is juis waarin die skoonheid van hierdie persoon lê. ’n Moederhart is toegewyd. Dit bly, selfs wanneer dit moeilik raak. ’n Moederhart is wys. Dit leer luister, eerder as om net te praat. ’n Moederhart is deernisvol. Dit sien raak wat ander miskyk. ’n Moederhart is sterk. Nie hard nie, maar diep.

Fokus teks: Spreuke 31: 10-31 & Psalm 131: 2.
Liedere: Gesang 247 x 2; Psalm 33: 1 (TT Cloete), 4 (TT Voete) en 1 (Totius); Gesang 314; Gesang 268 x 4.

---

En dan kom Psalm 131:2 soos 'n sagte rus oor alles: "Soos 'n kindjie by sy moeder, so is my siel in my." Wat 'n beeld. 'n Kind wat rus (veilig voel). Nie omdat alles perfek is nie, maar omdat die kind by sy of haar moeder is.

Gemeente, dit is wat 'n moeder figuur doen. Sy skep ruimte. Ruimte vir rus. Ruimte vir groei. Ruimte vir menswees. Ruimte vir veilig voel.

Maar ons moet ook eerlik wees. Nie alle moeders is volmaak nie en soms besef ons eers wat ons moeder vir ons beteken het as sy nie meer met ons op aarde is nie.

En vir sommige is daardie besef nie net dankbaarheid nie, maar ook pyn. Daar is gebroke verhoudings. Daar is afwesigheid. Daar is letsels.

Met die skryf van hierdie preek het ek oor iets anders gedink ... oor die siekte van ons tyd: 'n gebrek aan respek vir ouers, vir vroue, vir moeders! Wanneer ons ophou om ons moeders te eer, begin iets in die hart van 'n

samelewing breek. Want as die plek van sorg en liefde nie meer waardeer word nie, verloor ons iets van ons menswees.

Selfs waar menslike moeders tekortskiet, bly God se liefde volledig. God self gebruik die beeld van 'n moeder om sy liefde te beskryf, 'n liefde wat nie vergeet nie, wat nie los nie, wat bly dra. Dit beteken elkeen van ons kan, deur God se genade, 'n draer word van hierdie moederhart.

Dit bring ons terug na ons tema:
Mooi… is om lief te hê.
Mooier… is om lief te hê soos God liefhet.
MOEDER… is om daardie liefde te leef vir ander.

Kom ons sluit af met hierdie verhaal. Daar was 'n vrou, sy was nie bekend nie, nie beroemd nie, 'n vrou wat nooit haar eie kinders gehad het nie. Maar sy het geweet hoe om te luister. Sy het kinders se name onthou. Sy het gedurig vir kinders gebid. Sy het kinders raakgesien. En

jare later het mense gesê: “Sy was vir my soos ’n moeder.” Nie omdat sy geboorte gegee het nie, maar omdat sy lewe gegee het.

Miskien is dit die uitnodiging van vandag. Om nie net te vra: het ek ’n moeder gehad nie? Maar ook: is ek vir iemand ’n moeder figuur? Is daar ‘n kind wat al by my rus gevind het? Is daar ‘n kind wat deur my liefde kan groei? Is daar ‘n kind wat deur my teenwoordigheid veilig voel?

En dan—laat ons nie vergeet nie—kom ons sê dankie! Moedersdag is ’n geleentheid om stil te staan en dankie te sê. Dankie vir God. Dankie vir moeder figure. Dankie vir elke moederhart in ons lewens. Kom ons sê dit nie net met woorde nie, maar met ons dade. Met respek. Met eer. Met liefde.

Uiteindelik, gemeente, gaan dit nie net oor een dag nie. Dit gaan oor ’n manier van leef. Om sag te wees in ’n harde wêreld. Om getrou te wees in ’n haastige tyd. Om lief te hê waar dit moeilik is.

---

Mag ons vandag die skoonheid van moederskap weer ontdek. En mag ons elkeen, deur God se genade, iets daarvan uitleef ...

Mooi.

Mooier.

MOEDER.

Amen.

## DANKGEBED VIR 'N MOEDER FIGUUR:

Here ons God,

Dankie vir die moederfigure in ons lewens ... vir hul sagte hande, hul volgehoue liefde en hul stille krag in ons swak oomblikke. Dankie vir die manier waarop hulle dra, beskerm, leer en liefhet, selfs wanneer dit moeilik is.

Here, seën hulle ryklik. Gee hulle nuwe moed wanneer hulle moeg is, vrede wanneer hulle bekommerd is, en vreugde in die vrug van hul liefde.

Help ons om hulle te eer, te waardeer en self draers van daardie liefde te wees.

Ons dank U, Here, vir hierdie kosbare geskenk.

Fokus teks: Spreuke 31: 10-31 & Psalm 131: 2.
Liedere: Gesang 247 x 2; Psalm 33: 1 (TT Cloete), 4 (TT Voete) en 1 (Totius); Gesang 314; Gesang 268 x 4.

---

Amen.

## SEËN: Gesang 268 x 3